



**NOTULE VAN 'N SPESIALE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE  
VIRTUEEL GEHOU OP DINSDAG, 30 JUNIE 2020 OM 11:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, raadsheer T van Essen (voorsitter)  
Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdame M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons  
Rdl O M Stemele  
Raadsheer R F van der Westhuizen  
Raadsdame M van Zyl

Ander raadslede:

Die Speaker, rdl M A Rangasamy  
Rdl C Daniels

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz  
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton  
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann  
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit  
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys  
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

**1. OPENING**

Rdd M van Zyl open die vergadering op versoek van die voorsitter.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Geen verskonings is ontvang nie.

**3. SAKE VIR BESPREKING**

**3.1 SWARTLAND WYN- EN OLYFROETE: AANSOEK OM KWYTSKELDING VAN  
HUURGELD (9/1/3/B)**

'n Versoek is vanaf die Swartland Wyn- en Olyfroete ontvang vir kwytskelding van hul huurgeld vir die huur van kantore, geleë op die h/v Kerk- en Voortrekkerstraat, Malmesbury. Die huurgeld beloop R2 736.90 per maand.

Dit is gemeensaak dat die impak van die algehele inperking as gevolg van die COVID-19 pandemie 'n geweldige impak op die toerismebedryf en die plaaslike ekonomie het.

**BESLUIT**

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat die Swartland Wyn- en Olyfroete ten opsigte van April, Mei en Junie 2020 kwytgeskeld word van die betaling van die maandelikse huurgeld betaalbaar ten opsigte van die gebou op die h/v Kerk- en Voortrekkerstraat, Malmesbury;

3.1/...

- (b) Dat gemelde vergunning gemaak word in die lig van die impak van COVID-19 op die toerisme-/wynbedryf het, en aan die spesifieke instelling in sy hoedanigheid as verteenwoordigende liggaam van die wyn- en olyfindustrie in die Swartland;
- (c) Dat gemelde vergunning eenmalig sal wees en nie ten opsigte van die 2020/21 boekjaar sal geld nie, en verder nie geïnterpreteer kan word dat enige individue of entiteite wat in die toerismebedryf funksioneer, bv. gastehuse en restaurante, of ander huurders van die Munisipaliteit op soortgelyke kortings sou kon aanspraak maak nie;
- (d) Dat die kwytstelling van die huurgeld soos vermeld in paragraaf (a) in terme van die rekenkundige praktyke as 'revenue forgone' geboekstaaf word.

### **3.2 AFSKRYF VAN RENTE –WESKUS BRANDWEER REKENING (5/8/B)**

Na onderhandelinge insake die lewering van brandweerdienste deur onderskeidelik die C-munisipaliteit (Weskus Distriksmunisipaliteit) en B-munisipaliteite het Swartland Munisipaliteit besluit om die brandweerdienste self te lewer en te kapasiteer.

Beide Weskus Distriksmunisipaliteit en Swartland Munisipaliteit het met ingang van 1 Julie 2019 tariewe ingestel vir die lewering van brandweerdienste, maar daar is nie uitgeweposte geskep vir hierdie doeleindes nie. Rente het dus opgeloopt op rekeninge wat gehef is alvorens die uitgeweposte geskep is met die 2019/2020 aansuiweringsbegroting wat in Januarie 2020 deur die Raad goedgekeur is. Die owerhede het egter ooreengekom om die rente af te skryf.

#### **BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word dat die Swartland Munisipaliteit: Beleid insake Kredietbeheer- en Skuldinvordering die afskryf van rente in spesifieke omstandighede toelaat;
- (b) Dat die rente ten bedrae van R133.25 van die Weskus Distriksraad: Brandweerrekening (No.1-90-90202-001-8) afgeskryf word.

### **3.3 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANKOOP VAN 77 KOSPAKKIES VIR VOEDINGSKEMA (8/1/B/2)**

'n Bedrag van R500 000 is deur Swartland Munisipaliteit beskikbaar gestel om ondersteuning te verleen aan voedingskemas gedurende die COVID-19 pandemie.

Tydens gesprekke met die leierorganisasies is die aktiewe voedingskemas geïdentifiseer. 'n Lys van produkte is saamgestel om 'n kospakkie op te maak wat aan die onderskeie voedingskemas geskenk is.

#### **BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die aankoop van 77 kospakkies vanaf Malmesbury Superspar vir die bedrag van R265 515.25 (BTW ingesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  - (i) Malmesbury Superspar het oor voldoende voorraad beskik en was in die posisie om die Munisipaliteit onmiddellik van die voorraad te voorsien gegewe die dringende behoefte en noodtoestand;
  - (ii) Die voorsiening van kospakkies aan die gemeenskap word as dringend en as 'n noodtoestand beskou;

3.3/...

- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R265 515.25 (BTW ingesluit) teen 9/231-328-2982 verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

#### **3.4 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANKOOP VAN 5000 PARE LATEX HANDSKOENE (8/1/B/2)**

Die verspreiding van die COVID-19 virus het munisipaliteite genoodsaak om dringend voorkomende maatreëls in te stel om werknemers teen die virus te beskerm deur, onder andere, beskermende toerusting (PPE) te voorsien.

##### **BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die aankoop van 5000 pare Latex-handskoene vanaf Lizel Immelman vir die bedrag van R72 500.00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  - (i) Lizel Immelman het oor voldoende voorraad beskik en was in die posisie om die Munisipaliteit onmiddellik van die voorraad te voorsien gegewe die dringende behoefte en noodtoestand;
  - (ii) Die voorsiening van beskermende klere (PPE) aan die personeel om lg. te beskerm teen die COVID-19 virus word as dringend en as 'n noodtoestand beskou;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R72 500.00 (BTW uitgesluit) teen 9/231-355-31 verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

#### **3.5 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: DRINGENDE AANKOOP VAN 500 LITER ONTSMETMIDDEL (8/1/B/2)**

Die verspreiding van die COVID-19 virus het munisipaliteite genoodsaak om dringend voorkomende maatreëls in te stel om werknemers teen die virus te beskerm deur, onder andere, handontsmetmiddel te voorsien.

##### **BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die aankoop van 500 liter ontsmetmiddel vanaf Lizel Immelman vir die bedrag van R57 500.00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  - (i) Lizel Immelman het oor voldoende voorraad beskik en was in die posisie om die Munisipaliteit onmiddellik van die voorraad te voorsien gegewe die dringende behoefte en noodtoestand;

3.5(c)/...

- (ii) Die voorsiening van beskermende klere (PPE) aan die personeel om lg. te beskerm teen die COVID-19 virus word as dringend en as 'n noodtoestand beskou;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R57 5000.00 (BTW uitgesluit) teen 9/231-355-31 verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

### **3.6 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSESSE: DRINGENDE AANKOOP VAN PERMEATE PUMPS BY MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)**

Die Malmesbury WWTW maak gebruik van membraantegnologie wat, onder andere, bestaan uit twee stelle van twee *permeate* pompe wat nodig is om behandelde riool deur die membrane te laat vloei in die finale suiweringsproses.

#### **BESLUIT**

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die herstel van die *permeate* pompe by die Malmesbury WWTW deur Xylem Water Solutions vir die bedrag van R258 293.00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  - (i) die *permeate* pompe sou vir 'n geruime tyd buite werking wees as die normale verkrygingsproses gevolg is;
  - (ii) voormelde sou aanleiding gegee het tot die ineenstorting van die behandelingsproses en moontlike beskadiging van die meganiese komponente;
  - (iii) die herstelwerk aan die *permeate* pompe is dus as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat kennis geneem word dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe van R258 293.00 (BTW uitgesluit) teen 9/239-849-425 verreken word;
- (e) Dat die Snr Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**(GET) T VAN ESSEN  
UITVOERENDE BURGEMEESTER**